Meesterlik, maar illikied

Dec 18 2008 00:00 **Belinda Anderson**

TELEMASTERS is 'n klein telekommunikasie-onderneming wat goed deur die eienaar bestuur word, 'n plat organisatoriese struktuur het en klein en middelslag-ondernemings help om geld op hul telekommunikasierekening te bespaar.

Hy gebruik hoofsaaklik tegnologie genaamd laagstekosteroetering (LKR), waarvan die toekoms volgens baie mense bedenklik is as die reguleerder, Okosa, die tariewe verlaag wat operateurs van mekaar kan hef om aan hul netwerk te verbind.

In die lig van hoe ingewikkeld die telekommunikasie-omgewing is, wil mense egter hulp hê om hul rekening te verklein, ongeag watter tegnologie hulle gebruik. Telemasters betaal 'n kwartaallikse dividend van 40% van die wins en reik elke drie maande 'n prestasieverslag uit. Hy het in die jaar tot September goeie resultate behaal.

Telemasters se inkomste het met 18,8% tot byna R179 miljoen gestyg. Die groei was hoofsaaklik organies, al het die maatskappy klein, strategiese verkrygings gedoen om die kliëntebasis te vergroot en soms bykomende vaardighede te bekom.

Die wesensverdienste per aandeel het skerp met 23,7% tot 33,33c gestyg. Dit plaas hom op 'n historiese veelvoud van 5,2 gegrond op aandeelprys van 173c.

GELEENTHEDE

* Om sy markteenwoordigheid te vergroot met die toename in verkoopsmense wanneer maatskappye hul koste tydens die afswaai wil verlaag.

* 'n Hoë dividendopbrengskoers.

RISIKO's

* Sal daar nog 'n LKR-mark wees as tussenverbindingskoerse drasties verlaag word?

* Min aandeellikiditeit.